

28 Julie

2 Samuel 12:1-25, (Teks: 12:22)

By die onafwendbare: Bid!

Wat maak die driwwe van hierdie lewe aan jou? Driwwe soos teleurstellings, bekommernis, dood en die diagnose van ongeneeslike siekte? Hoe verskriklik - die man na God se hart lê in die dieptes van moord en egbreuk! Deur Natan sê die Heilige Gees vir hom: U is die man! Oor sy lippe vloei sy skuldbelydenis: Ek het gesondig teen die Here! Ondanks Dawid se eie oordeel: So waar as die Here leef, die man wat dit gedoen het, moet sterwe! kondig Natan aan: So het die Here dan ook u sonde vergewe: U sal nie sterf nie. God se eer het skade gely - sy werke in menselewens is deur sy vyande gering geag. Desondanks genade. En tog - die gevolg van die sonde gaan deur: sy kind en Batseba se kind gaan sterf. Daar is geen omdraaikans nie. As God die kind tref, danwerp Dawid hom voor God neer in gebed. Daarmee saam vas hy as teken van sy verootmoediging voor God. So lê hy die nag deur voor God. In sy hart leef dit: Wie weet - die Here kan my genadig wees, sodat die kind in die lewe bly. Dit is tekenend van die vrome wanneer jy die driwwe van hierdie lewe moet deur: Jy verootmoedig jou voor God. Ook by die onafwendbare bid jy, want die Here kan jou genadig wees. By teleurstelling, kommer, dood en ongeneeslike siekte. God neem hierdie kindjie weg wat nie bestem was om 'n koningsrol te speel nie, maar 'n verootmoedigingsrol in Dawid se lewe. So beslis God en verhoor Hy Dawid se gebed deur aan hom die kindjie Jesus as nasaat te gee. Die Koning van die konings. Daarom juig dit in ons harte: God beskik vir my alles ten goede!

Ds. S. D. de Kock (Naboomspruit)